


# St. Frederik van Utrecht

## 18 Julie

(sterf 838)

Hy was die kleinseun van die Friese koning, Radbod. Hy ontvang sy opvoeding by die kloosterskool in Utrecht en word daar priester gewy. Rikfried, die biskop van Utrecht stel hom aan om die kategumene in die geloof in te lyf. In 820 volg Frederik hom op as biskop van Utrecht. Sy bisdom behels ‘n uitgetrekte gebied van die Lae Lande, waarvan groot dele nog ongekersten was. Hy was ‘n uitstekende sieleherder en danksy hom het die Christelike geloof diep wortels geskiet in wat vandag Nederland is. Ongelukkig word hy betrek by die struwelinge tussen die seuns van keiser Karel die Grote uit sy eerste huwelik met Judit, hul stiefmoeder. Op 18 Julie 838 word biskop Frederik deur ‘n sluipmoordenaar in diens van keiserin Judit om die lewe gebring toe hy ná afloop van die Heilige Mis alleen besig was om in die kerk te bid.

© Die Oratorium Uitgewery